# Lewensbeskoulike differensiasie in die onderwys*

B.C. SCHUTTE

*Departement Fundamentele Opvoedkunde, PU vir CHO*

*ABSTRACT*

*The fact that for many people the N in CNE (Christian National Education) often became more important than the C may be ascribed to a historical process. Opponents of the whole concept also did not understand that the Christian Afrikaner wanted a Christian education for his own children, and did not begrudge other people "other" education. The concept "National", however, has become a bogyman, and has come to be interpreted in terms of the "National Party".*

*The concept of foundational/religious differentiation is mooted as the first criterion, because it covers the total spectrum of human education (Christian, cultural, ethnic, etc.). Supplemented by ethnic differentiation it should suffice to cover the whole field of education in the RSA. The importance of the possibility of parental authority is discussed as well. The achievement of parity he various national groups is also seen to be possible along these lines.*

Sedert die laaste kwart van die vorige eeu of nog vroeër het ons hier verskillende organisasies en bewegings gehad wat die saak van die Christelike en die nasionale in die onderwys sterk bevorder het — ons kan hulle CNO-bewegings noem. Hierdie bewegings is soms kerklik geïnspireer, wat die klem sowel op die Christelike as op die nasionale laat val het. Die kerke in Suid-Afrika het egter 'n leeuedeel van die nasionale stryd — die stryd om nasiewording en nasiewees — vir hulle rekening geneem. Hierdie kerklike bemoeiing was soms van so 'n aard dat dit moeilik was om te glo dat die hoofsaak nie die nasionale was nie, met die Christelike slegs as 'n verdere motivering daarby.

* Openingsrede by COVSA-kongres op 17 Januarie 1981.

Dat dit so is, is natuurlik nie onverwags nie. Die kerk het uit Christene bestaan wie se Christenskap nie besonders bedreig was nie: daar was geen georganiseerde aksie meer teen die kerk nie. Die Afrikaners het in die kerk 'n veilige hawe gehad waarmee hulle 'n intieme verband behou het. Die beoefening van die Christelike in die onderwys was 'n byna vanselfsprekende praktyk. So gemaklik het dit egter nie met die nasionale gegaan nie. Rondom die nasionale was daar amptelike miskenning van Afrikaans (vroeër Hollands) as taal, van die nasionale strewe op politieke gebied, van die nasionale strewe op ekonomiese gebied en van die begeerte van die Afrikanerouer dat sy kind in sý kultuur opgevoed moet word. Hierdie teenstand teen die uitlewing van sy opkomende nasionale gevoel het egter ook sy kerklike implikasies gehad. Wie vir volk en vaderland verlore is, voel spoedig in die Afrikaanse kerk ontuis. Die kerk was dus terdeë gemotiveerd in sy stryd vir nasionale selfbehoud, vir nasionale onderwys dus.

Dit is eers in die eerste kwart van die vorige eeu dat die skoolstryd werklik die nasionale terrein betree het toe die Britse verengelsingsbeleid deur Somerset hier in sy volle draagwydte deurgevoer is. Om die Boere te verengels moes hulle geleer word om hulle patriotisme op Engeland oor te plaas. Dit kon egter nie gebeur solank die Calvinistiese lewensvisie by hulle oorheersend was nie. Die religieuse strydmiddel is daarom aangewend om die politieke liberalistiese lewensiening te laat posvat: verwyder die godsdiens uit die skool. U sien dat die religieuse (Christelike) hier aangeval is om die nasioale strewe te beheers en van tuis na "home" te verander. Destyds (en tot baie ver in die huidige eeu) was dit, sover dit onderwys betref het, slegs Afrikaners en Engelse wat in die prentjie verskyn het, en by hulle was die teëstelling: nasionaal en "home". Elkeen is (later) of as 'n Nat (nasionaal) of as 'n SAP (nie nasionaal nie, nie SA eerste en enigste nie) beskou. Die "nasionaal" van Christelik-nasionaal was dus vir baie mense, sowel die voorstanders as die teenstanders, sinoniem met die politieke "nasionaal" van die Nasionale Party. Dit, ten minste, is hoe dit vir die oppervlakkige waarnemer gelyk het wat nie die dieper motiewe van die CNO-beweging geken het of dit nie in sy uitwerking verstaan het nie. Tog het baie voorstanders en teëstanders nie begryp dat wat die Afrikaner as nasionaal gesien het, met sy belydenis gestrook het terwyl hy sy teëstander 'n eie siening gegun het wat weer met sy lewensvisie gestrook het nie.

Daar was ook CNO-bewegings wat nie kerklik nie maar maatskaplik, kultureel, professioneel en selfs polities geïnspireer was. As daar na die grondwette of aksieprogramme van die Afrikaanse onderwysverenigings (TO, SAOU, OVSOV, NOU) gekyk word, sal eksplisiet en implisiet verbon-

denheid aan die CNO-beginsel opgemerk word. Dink aan die Afrikaans-Christelike Debatsverenigings, aan die FAK, ja, selfs aan verskeie huidige en gewese politieke partye, dan kom hulle bondgenootskap in die CNO-stryd ondubbelsinnig na vore. So het die baie belangrike Instituut vir CNO (ICNO) van die FAK in 1948 met sy rigtinggewende verklaring *Christelik-nasionale Onderwysbeleid* 'n geweldige rol gespeel om die Afrikaners eensgesind met betrekking tot die saak te stem.

Na die duidelike formulering van die CNO-beleid deur die ICNO van die FAK in 1948 en 'n verenigde front by die Afrikanervolk na die oorname van die regering deur die Nasionale Party en by die Afrikaanse Kerk (IKKO) was die grondslag vir welslae vorentoe gelê. Met die oorname van die regering deur die Nasionale Party was die pad landswyd gebaan vir toepassing van die CNO-beginsels in onderwyswette en -praktyk. Dit het in 1967 gebeur met Wet 39 van 1967, wat onderwys vir Blankes reël. Hierdie wet het onderwys aan alle skole wat onder die staat ressorteer, Christelik verklaar (sonder 'n enkele uitsondering) en ook die nasionale beginsel verskans. Die staat (Minister van Nasionale Opvoeding) het spoedig 'n konnotasie aan die term *Christelik* as kenmerk van elke Blankeskool gegee wat konserwatiewe Afrikaners grootliks bevredig. Dit is dan nou die stand van sake by Blanke-onderwys en in vooruitsig vir die tydperk wat op die RGN-verslag volg.

## COVSA

Met die stigting van die Christelike Opvoedkundevereniging van Suid-Afrika (COVSA) in die vroeë sewentigerjare het daar in die aksie dusver 'n nuwe dimensie gekom. Al dui die naam slegs op Opvoedkunde as wetenskap, toon die grondwet duidelik dat COVSA eweseer begaan is oor die praktyk van die opvoedkunde, naamlik die onderwys in praktyk en die ouer as noodsaaklike vennoot in die opvoeding. En tog kom die woord *nasionaal* nêrens daarin voor nie. Dit is doelbewus gedoen maar beslis nie omdat "die nasionale", die volkseie, die kultuurgebondenheid, die Afrikaanse vir die stigters onbelangrik of selfs minder belangrik was nie; inteendeel, dit is juis omdat hulle besef het dat die destydse bestaande "nasionale" in "CNO" soveel skadelike verwerping weens waninterpretasie meegebring het dat hulle besluit het om die term as oorbodig weg te laat. Dit het 'n paaiboelie en 'n skelnaam geword (soos "apartheid" vandag).

Hoekom oorbodig? Vir die Christen-Afrikaner is dit onomstootlik duidelik dat Christen-wees hoegenaamd nie volkseie uitskakel nie maar dit slegs in

die regte perspektief plaas. Daar is soveel ander terreine waar die onderwys ook Christelik moet wees: Christelik-maatskaplik, Christelik-wetenskaplik, Christelik-sedelik, Christelik-juridies, Christelik-ekonomies — ja, in elk en ieder aspek van die onderwys moet dit Christelik wees, dus ook in die nasionale. Weglating van die nasionale uit COVSA se grondwet gee dus werklik niks prys nie maar bring besliste wins. Wie Christen is, sê in een asem dat hy in 'n verband met medegelowiges staan; dat hy daar staan as kind van sy ouers (wat hy erken, respekteer en liefhet); dat hy saam met sy ouers 'n sekere moedertaal praat (wat dinge so sê dat hy dit kan waardeer, respekteer en aanvaar); dat sowel sy ouers as sy taal diep in 'n kultuur gewortel is (waarin hy opgegroei het en tuis voel); dat hierdie kultuur baie met ander kulture gemeen het maar ook feitlik op elke gebied van hulle verskil, veral in die belewing en interpretasie daarvan. Wie Christen sê, sê daarmee saam dus ook nasionale mens, kulturele mens, Afrikaner (Engels, Joods, Kleurling, Indiër, Xhosa, Zoeloe ensovoorts) — volkseie mens dus. Wie hierdie onwegdenkbare gebondenheid aan die eie (of as eie aanvaarde) prysgee, mis die uitkykpunt vanwaar die perspektief moontlik word. Vandaar uit kyk hy in die lig van God se Woord, met oë wat deur Woord en Gees verlig is op 'n terrein wat deur God se Woord en Gees belig is. As hy nie dáár staan nie, kyk hy noodwendig skeef en sal sy gesigsbeelde verdraai en selfs verwar word. So dien elke Christen, of hy Wit of Swart is, of hy hier woon of elders op die aardbol, die dinge wat van belang is. In hierdie lig gesien, is die term *nasionaal* oorbodig en 'n remskoen vir samewerking. Ons kom hierop weer terug.

Hierdie benadering het COVSA konsekwent voorgestaan en bevorder en glo daarmee dat hy nog op die "ou paaie" is, nog op die CNO-pad is. Wat staan CNO dan werklik voor?

## DIE KERN VAN CNO

In sy diepste wese wil voorstanders van CNO *net vir hulle eie* kinders iets bepleit, iets wat *hulle* reg is en aan niemand anders enige afbreuk doen nie. Wie met hom nie saamstem nie, weet immers wat vir homself die beste is, en staan dit dan voor sonder dat dit hom verkwalik word. CNO eis dus vir Christenkinders Christelike onderwys, omdat dit Goddelike eis is en omdat dit vir hulle die enigste *ware* onderwys is. Om vir hierdie kind waar te wees moet dit met sy hartstoerusting sinchroniseer en moet dit opvoedkundig *eg* wees. Die hartstoerusting word deur die lewens- en wêreldbeskouing gekleur en is dus religieus bepaal. Dit begin reeds met die aanvang van die lewe van die kind vorm en inhoud aanneem en is daarom met die totale verlede van

die kind ineengeweef. Dit is dus onlosmaaklik produk van die huislike (ouerlike) geloof, sedes, kultuur en volkseie. Dit vereis dus volkome instemming van die formele en informele onderwys op hierdie noot.

Dit bring ons by die verdere hoeksteen van die beweging vir Christelike onderwys, naamlik die onomstootlike ouerplig en ouerreg by die formele en nie-formele skoolonderrig. Die ouer *stuur sy* kind na die skool toe om daar deur diegene wat hy aangewys of goedgekeur het, te laat onderrig. Hierdie onderwyser word nie plaasvervanger van die ouer nie en kan dus nie ander sienswyses en beginsels op die kind afdruk as wat die ouer hom voorskryf en toelaat nie. Hy vul die ouer aan waar die se arm self te kort en sy kennis, vaardigheid en beskikbare tyd onvoldoende is. Die ouer is en bly die verantwoordelike persoon vir die onmondige kind wat aan hom toevertrou is.

Hieruit vloei voort dat die skool eintlik die ouer se skool is om *sy* kind opvoedend te onderrig in die gees en rigting soos deur hom bepaal, neergelê of gekontroleer. En omdat hy dit nie individueel prakties kan doen nie, moet die ouer in georganiseerde verband optree. Vanselfsprekend sal gelykgesinde ouers saamspan en sodoende vrye groepskole stig, beheer en onderhou — dit alles sonder om die aandeel van die staat wat eise vir sy opgroeiende burgertjies mag stel en wat geldelike verpligtinge in die opsig het, te ontken.

Die weglating van die term *nasionaal* uit die aksie van COVSA het dus absoluut niks prysgegee nie, omdat alles nog onder die vaandel "Christelike onderwys/skool" ten volle gedek is.

Kom ons kyk nou na die wins wat dit meegebring het.

## DIE UITDAGING VAN 1980

Daar het teen die einde van die sewentigerjare op onderwysgebied in RSA soveel dinge gebeur dat ernstige herbesinning nodig geword het. Die gebeurtenisse was trouens ook so sterk polities gekleur dat die staat nie met lede oë mag gesit en toesien het nie. Ons dink aan die salarisstryd by Blanke-onderwys, die onderwystekort by alle onderwys, die skoolboikotte by Kleurlinge en Swartes, met die begeleidende oproer en geweldplegings en die voortdurende gehamer op pariteitsverskille by die verskillende verantwoordelike departemente. Dit het meegebring dat die *status quo* nie meer sonder ingrypende aanpassings gehandhaaf kan word nie. Dit het tot die op-

drag aan die RGN aanleiding gegee om indringende wetenskaplike ondersoek na alle fasette van die onderwys in die RSA in te stel en aanbevelings aan die Kabinet voor te lê. Die RGN se opdrag was "... om 'n wetenskaplike ondersoek op gekoördineerde grondslag na die onderwys in die RSA in te stel, ... (daar) word gevra vir beginselriglyne wat 'n prakties uitvoerbare onderwysbeleid in die RSA moontlik sal maak ten einde
- sy inwoners se potensiaal te verwesenlik;
- die ekonomiese groei van die RSA te bevorder;
- die lewensgehalte van al sy inwoners te verbeter, en
- 'n gelyke gehalte onderwys vir alle bevolkingsgroepe te bereik"

(Uit stukke van die RGN-kommissie).

Reg geïnterpreteer sou hierdie opdrag neerkom op die ontwerp van een enkele onderwysstelsel vir die RSA waaronder alle bevolkingsgroepe so ingeskakel word dat hulle onderskeie potensiale verwesenlik en hulle lewensvlak in belang van die geheel verbeter kan word. Dit was dan die byna bomenslike taak wat aan die RGN-kommissie opgedra is.

Vir COVSA was dit van die begin af duidelik dat in die opdrag die beginsel van eenheid en veelheid, van diversiteit en geïntegreerdheid, van enkelvormigheid en pluriformiteit op 'n verantwoorde wyse ingevleg moet word. Daar moes dus volgens 'n Calvinistiese fundering verskille erken en ooreenkomste gesoek word. COVSA het van die standpunt uitgegaan dat *alle* onderwys normatief op grondbeginsels berus en *nooit* neutraal kan wees nie. Dis nie moontlik om ware onderwys vir *my* kind te verkry as dit nie op *my* lewensbeskoulike grond gefundeer en gebou is nie. Dis ook, opvoedkundig gesien, vals om te beweer dat neutraliteit as eis vir gelykwaardigheid in onderwys gestel kan word. Neutraliteit kan by 'n ding aangetref word maar nooit by 'n mens nie. Sodra 'n mens (ouer, onderwyser, dosent) neutraal probeer wees, verloën hy sy essensiële menswees, sy unieke kenmerk van betrokkenheid, gebondenheid aan 'n oorsprong. Wat hy dan egter gerieflik vergeet, is dat hy slegs daardie oorsprong wat hy dusver bely het (die God van die Skrifte, die mens, die natuur, die daad ensovoorts), verruil vir 'n ander een waarin hy nou *glo*, naamlik die god neutraliteit.

Dis die hele mens wat onderwys gee — nie net sy verstand, kennis, wetenskap of professionele toerusting nie. Dit is ook die hele mens (hoewel nog onmondig) wat onderwys ontvang — nie net die brein of die psige of die sosiale of die beroep nie. Die hele mens sluit dan as eerste en mees grondliggende beginsel sy religie in. Hierdie religie bepaal vir hom *alles* in sy lewe en sy werke: dit bepaal wie hy aanbid, hoe hy aanbid, hoe hy liefhet,

hoe hy dink en doen, wat hy aanpak en wat hy laat, al sy keuses, sy voorkeure — ja, alles wat ooit met hom gebeur. "Two in a prison looked through the bars, the one saw mud, the other stars".

Hierdie waarheid dat die religie, die lewens- en wêreldbeskouing, die "hart", die ganse lewe en optrede totaal beheers, word vandag deur almal geglo, deur Skrifgelowiges en deur diegene wat in 'n ander god glo. Geen neutralis wil sy kind graag iets anders sien as 'n beter neutralis as hyself nie; geen humanis wil sy kind 'n materialis sien nie; geen wêreldburger wil sy kind 'n eng nasionalis sien nie; geen nasionalis wil sy kind as verraaier sien nie. Verder, geen ouer wat nie slegter as 'n dier is nie, wil sy verantwoordelikheid vir *sy* kind ontken nie. Lewensbeskoulike (ook genoem religieuse) fundering vir alle onderwys moet dus die eerste beginselriglyn wees. Op hierdie onderste laag van die fondament word dan die differensiasie toegepas wat nodig is om alle groepe te bevredig — lewensbeskoulike/ religieuse differensiasie dus.

Ons was oortuig dat ons nie weer die fout van 1967 moes herhaal toe ons by die skole vir Blankes "alle onderwys in skole wat onder die staat ressorteer", tot Christelike onderwys verklaar het nie. Daarmee het ons onder 'n grondwet wat geloofsvryheid waarborg, gewetensdwang aan die orde gestel. Die enigste uitweg sou wees om die begrip "Christelik" so wyd te omskryf dat dit eintlik vir niemand iets sê nie. Dit het egter nie geskied nie, want die term is nogal omskryf in terme wat reformatoriese Christene bevredig. Die enigste ander wyse waarop Jode, ateïste en ander nie-Christene (Blankes natuurlik) hiermee genoeë kan neem, is die feit dat die wetboek en die praktyk nie dieselfde taal praat nie, dat van ware Christelike opvoedende onderwys in skole so min teregkom dat andersdenkende ouers hulle kinders sonder gewetenswroeging daarheen kan stuur.

Onderwys by Blankes sou dus gereël kan word deur vir almal die eis van religieus (lewensbeskoulik) gefundeerde onderwys te stel. Daar sal dus skole vir die verskillende religieë moet wees (LW nie vir die verskillende kerke nie, nie godsdiensgeoriënteerde skole nie, maar religieus gefundeerde skole). Ja, dis waar, wie nie saamstem nie, kan nog altyd sy kind in 'n privaatskool van sy keuse plaas maar moes dan op geen staatsteun reken nie. Maar daarmee het ons ook die ouer prakties sy keusereg ontneem: die staat het vir hom gekies. Oor die aard en gehalte van die Christelike onderwys aan 'n skool moes die staat toesig hou. Die staat het selfs teen die ouer se religieuse gewete in vir hom gekies (byvoorbeeld Christelike onderwys vir Jode). Iets soortgelyks vir die onderwys van alle bevolkingsgroepe sou nooit met welslae

deurgevoer kan word nie en noodwendig die stryd in heftigheid laat toeneem. Dit sal maklik die wêreldfront teen ons laat draai (as daar nog draaiing moontlik is!!). Dit sou ateïste, ongelowiges en alle ander religieuse groepe teen ons (die Blanke, die wetgewer) in die harnas jaag. (Daar sal 'n politieke strydpunt daarvan gemaak word, en ons sal ons nie kan verdedig nie.)

Teen hierdie beginsel van lewensbeskoulike differensiasie het daar van die binnekring van die beweging vir Christelike onderwys in ons land ook sterk reaksie gekom. Daar word beweer dat Christene tog die meerderheid van die bevolking van die land uitmaak en ons daarom ons land as 'n Christelike land kan bestempel. In 'n Christelike land moet alle wette dan die Christelike as norm aanvaar en al die ander as uitsonderinge behandel. Die verlede het ons egter geleer dat die antipatie van sowel die Engelse medeburgers as van die ander bevolkingsgroepe teen die Afrikaanse Blanke Calvinistiese benadering so groot is dat samewerking vooraf ondenkbaar is — dis vir hulle weer die Boere, die Blankes, die Afrikaner wat die septer swaai en daarom beveg moet word — so het dit mos nog altyd met CNO gegaan.

'n Verdere beswaar het gekom van diegene wat bevrees was dat die keuse vir Christelike onderwys by lewensbeskoulike differensiasie nou aan die ouers oorgelaat word en hulle nie tot positiewe keuse in staat is of van die implikasies bewus is nie. As dit werklik die geval is, dan beteken dit dat Christenouers dalk nie Christelike onderwys vir hulle kinders wil hê nie of hulle nog nooit daaroor rekenskap gegee het nie. Dan is ons stryd mos 'n verlore stryd en moet ons van voor af begin om eers die ouers te bearbei totdat hulle dit wil hê. Hoe gouer dit gedoen word, hoe beter. Die toepassing van lewensbeskoulike differensiasie sal dan juis hierdie noodsaaklike taak verhaas en aktueel maak. Daar word met hierdie optrede 'n geweldige eis aan sowel ons ouers self as aan die kerk, die onderwyserskorps en die maatskappy gestel om ouers tot verantwoorde keuse te lei.

Daar is ook beswaar gemaak op grond van die feit dat ons vandag nie met die nodige besielde onderwysers toegerus is om in die behoeftes van spesifiek Christelike skole soos deur ouers verkies te voorsien nie. Is alle onderwysers by skole vir Blankes wat beslis as Christelik deur Wet 39 van 1967 gestempel is, dan nie daarvoor toegerus nie? En, indien nie, dan versterk dit ons argument dat ons moet oorgaan tot 'n stelsel waarin die ouers hulle regte en pligte kan/moet uitoefen en vir die geskikte leerkragte moet sorg. Vir die Blankes (meer in besonder vir Afrikaanssprekendes) is daar tans genoeg

opleidingsinrigtings vir onderwysers wat positief ten opsigte van toerusting van onderwysers vir ware Christelike onderwys staan. Verreweg die meeste van hulle is aktief ingeskakel by die Koördinerende Komitee vir Christelike Onderwysaksie (KKCOA). Selfs vir ons Engelse medeburgers is daar geen onoorbrugbare besware nie. Sover dit die ander bevolkingsgroepe aangaan, lê daar 'n langer pad van stryd en bearbeiding voor.

## DIE ETNIESE/KULTURELE DIFFERENSIASIEBEGINSEL

Daar is ook die volgende hindernis wat oorwin moet word. Soos reeds hierbo uiteengesit belewe elke mens sy religie (lewensbeskouing) op 'n volks-/kultuureie wyse wat in wisselende mate mag ooreenstem met die van ander maar ook beslis daarvan afwyk. Daarom kry ons groepe (volke, kulture, gemeenskappe) wat natuurlik ontstaan en bestaan, wie se lede in dieselfde religieuse opset saamgevat kan word maar wat van ander groepe met dieselfde religieuse uitgangspunte tog sodanig kultureel/etnies verskil dat daar verder gedifferensieer sal moet word. Ons kry dus Christelike skole en nie-Christelike skole. By eersgenoemde sou daar tot in die oneindige gedifferensieer kon word, byvoorbeeld Protestants-Christelike en Rooms-Katoliek-Christelik, maar enige verdeling sal die toets van praktiese moontlikheid moet deurstaan. Dieselfde geld vir die nie-Christelike skole, byvoorbeeld naturalistiese, humanistiese, sosialistiese, kommunistiese, Hindu-, Moslem- ensovoorts skole.

Daar sal byvoorbeeld onder Protestants-Christelike skole nou Blankes, Kleurlinge, Asiërs, Swartes ressorteer. Moet/kan hulle, almal belydende Christene volgens dieselfde belydenisskrifte, saamgevoeg word en vrugbaar ware en egte opvoeding ontvang? Ons glo dat dit beslis nie gewens is nie en sekerlik tot mislukking gedoem is (in ons huidige konstellasie altans). Die egte opvoedkundige siening vereis juis die hele mens in sy totale konteks. Of dit later (oor 50, 100, 500 jaar) moontlik sal wees, is nie nou ons opdrag nie. Ons moet vandag net sorg dat ons nie die eie politieke beplanning in die plek van dié van God stel en dit dan wil afdwing nie. Ons moet luister en alles doen om die sonde van verdeeldheid, van moedswillige geskeidenheid nie te bevorder nie. As alles skielik saamgegooi word, nooi ons radikale weerstand om die goeie gesindheid te oorheers en ons eiewillige poging tot werktuig van onmenslikheid te maak. Ons voorsien dus uiteindelik Afrikaanse, Engelse, Kleurling-, Indiër-, Xhosa-, Zoeloe-, Tswana- ensovoorts Protestants-Christelike skole wat elk 'n eie etniese/kulturele groep bedien. (Miskien kan ons ook kultuurlose/anti-etniese Christelike skole — nee, valse skole — probeer vir diegene wat anders wil, maar dis myns insiens 'n laaste

uitweg vir afwykendes.)

Mens mag bevrees wees dat jy hiermee nou die weg tot sinlose versplintering en onhanteerbare splintergroepe geopen het. Tog kan enige huidige differensiasiekriterium tot in die bespotlike gevoer word, maar logiese, ekonomiese, historiese en ander eise beperk so iets tot 'n bruikbare geheel. Dit behoort ook met die voorgestelde differensiasie te gebeur, veral as daar voortdurend op grond van ervaring, navorsing en begrip geskaaf word. Watter bestaande stelsel lyk vandag presies soos dit by sy instelling, sê tien jaar gelede, gelyk het, terwyl die beginsel tog dieselfde gebly het?

Hierdie eis van kulturele differensiasie word beslis nie slegs van Blankekant gedoen nie. 'n Swart referent by die jongste kongres van die Kaaplandse Professionele Onderwysersunie het gesê: "It should also not be surprising, therefore, to anyone why there is this new trend because all the Third World nations are busy planning educational systems that are relevant and meaningful to their own people and conditions of life". Dit was bes moontlik die een sonde van die Blankes om aan ander etniese groepe 'n verwesterde onderwys op te dring wat hulle swart Westerlinge wou maak in stede van geleerde Swartes (Kleurlinge, Indiërs). Die Blanke (en daarmee saam selfs baie van die ander "geleerdes") het geglo die enigste wyse om mense tot bereiking van hoogtepunte in die moderne tegnologiese era te bring was om van hulle Westerlinge te maak. Orals het dit egter misluk, terwyl Japan en Taiwan getoon het dat hulle op die voorpunt kan staan sonder om te verwesters. Watter pragtige geleenthede word daar nie hiermee aan al die volke van die RSA gebied om hulleself te bly en voorpunt toe te beweeg — as die wil en die deursettingsvermoë daar is (by hulle self en nie noodwendig net by die regering nie)!

## DIE OUERS

Ons het herhaaldelik van ouerkeuse gepraat: dis die ouers wat die gees en rigting van die skool moet bepaal; dis die ouers wat besluit of die bestaande skool 'n Christelike of 'n nie-Christelike skool moet wees; dis die ouers wat hulle volkseie in die skool waar hulle kinders opvoedende onderwys ontvang, moet vereis; dis die ouers wat moet toesien dat die aanvullende middele gevind word as die staat se versorgingsbydrae ontoereikend is. Die Christenouers sal verder ook, in samewerking met die staat, moet toesien dat die Christelike karakter van die skool gehandhaaf en bevorder word. Dit sal medeverantwoordelikheid meebring vir die aanstelling van die gewenste onderwysers wat prinsipieel en professioneel bevoeg is. As dit die geval is, sal

die ouers ook 'n hand moet hê in die werwing van geskikte persone om as onderwysers opgelei te word, en ook in die opleiding self. (Kyk my "Ope brief aan ouers", *Die Kerkblad*, 84(2608):2 (15/7/81).

Dis vanselfsprekend dat die duisende ouers nie individueel op die skool kan toesak en links en regs eise stel nie. (Die eise wat die voorgestelde stelsel aan die ouers stel, geld nie slegs die Christene nie, maar die nie-Christelike skool se ouers het ook dieselfde verpligtinge.) Hierdie ouerreg word deurgaans deur alle kultuurgroepe aanvaar, al is die uitlewing daarvan gebrekkig.

Daar sal dus organisasie van gelykgesinde ouers moet kom. Dit begin by die plaaslike vlak vir ouers van elke skool en bring ook saamsnoering van die ouerorganisasies van alle gelykgesinde ouers in 'n "streek" (distrik, geografiese gebied, provinsie of ander indeling) mee. So sal streke dan weer saam 'n ouerorganisasie vir die Republiek vorm, waaruit 'n "ouerraad" sitting in 'n "ministeriële raad" kan kry. Dit stel dan die stem van die ouer op die verskillende vlakke van beheer voor: so praat ouers. U mag sê dat so iets onmoontlik is. Onthou net, die meeste van die dinge wat vandag bestaan, was in een stadium totaal onmoontlik.

Langs hierdie weg word die CNO-gedagte van staatsondersteunde (algehele of gedeeltelike steun) groepskole van gelykgesinde ouers 'n werklikheid. Soos CNO altyd beweer het, gun hy nou aan elke andersdenkende en anderskleurige ook alles wat hy vir homself eis.

## PARITEIT IN DIE ONDERWYS

Hierdie saak was 'n besondere opgawe vir die RGN-kommissie van ondersoek na die onderwys. Een aspek waarin volgens ons volkome gelykheid bereik kan word, word deur die kriterium van lewensbeskoulike differensiasie moontlik gemaak. Die kulturele/etniese kriterium sorg vir verdere gelykheid ten opsigte van kultuureise. In beide voorgaande word gelykheid dan gesien as eiesoortigheid met gelykwaardigheid, wat beslis nie identies (in alle aspekte gelyk) hoef te wees nie. Teen sodanige strewe na gelykheid kan daar geen grondige beswaar ingebring word nie, al sou kurrikulums en selfs sillabusse van mekaar verskil (weens hulle eiesoortigheid) maar van dieselfde gehalte is en die gedifferensieerde behoeftes in enerse mate bevredig. So verskil die akademiese matriek nie noodwendig van die tegniese matriek in standaard nie maar wel deeglik in inhoud en soort; so aanvaar ons die matriek van elke provinsie en van die GMR vandag as gelykwaardig (maar nie identies nie).

Wanneer kurrikulums saamgestel word en daarbinne silabusse oorweeg word, word as vereiste gestel dat dit by die bestaande moet aansluit, dat dit by diegene vir wie dit bedoel is, moet aanpas en deur die gemiddelde mens vir wie dit saamgestel is, behartig kan word. Dit beteken dat die universele sowel as die differensiële daarin verdiskonteer moet word, vir almal volgens dieselfde standaarde gemeet. Selfs die kriterium van gelykheid vloei dus logies voort uit die basiese kriterium van lewensbeskoulike differensiasie.

Hierdie aspek van die toekomstige onderwysopset is die grootste twisappel in die huidige beding. Soos dit hierbo gestel is, is dit opvoedkundig verantwoordbaar, maar die voorskriftelike kom deesdae ten opsigte van opvoedkundige beplanning dikwels van politici, sommige van wie so radikaal is dat slegs die weg van revolusie hulle sal bevredig en van opvoedkundige eise weinig teregkom. Baie van wat hierbo voorgestel is en ook van wat vanweë die beperkte omvang nie ingesluit kan word nie, is slegs moontlik langs die weg van evolusie of geleidelike ontwikkeling, tensy die revolusie bygeroep word. Eindpunt wat na dekades, moontlik eeue, bereikbaar mag wees, kan nie oornag met wetgewing reggestel word nie. Een so 'n saak is die kwessie van onmiddellike oopstelling van alle skole op alle vlakke vir alle gelowe, volke en individue. Om van diegene wat nog onbevoeg is om die standaard van die groep wat die verste gevorder is, te verwag om skielik bo by te kom, beteken frustrasie en sal lei tot onverantwoordelike middele om te slaag. Word die standaarde laer gestel om hulle tegemoet te kom, dan geskied dit ten koste van die groep wat die verste gevorder het. Beide moontlikhede bly dus verwerplik en gevaarlik. Maar om stimulerend en met alle beskikbare middele alles in die stryd te werp om die onderste vinniger boontoe te laat kom, mede en veral deur eie wil en inspanning, daarteen kan geen besware wees nie. So kan gelykheid dan binne elke gedifferensieerde kultuurgroep bereik word op dieselfde vlak as wat dit by ander groepe bestaan. Saam met hierdie koorsagtige ywer tot gelyke standaarde moet ook geduld en ewewig beoefen word om te sorg dat die bereikte vlak met die lewensbeskouing harmonieer. Dit vereis verder besliste kontak en wisselwerking tussen kulture, met behoud en opbou van die eie.

## TEN BESLUITE

Ons het getrag om te toon hoedat die beweging om die beginsel van lewensbeskoulike/religieuse differensiasie in die onderwys 'n duidelike geskiedenis gehad het. Ons wou ook toon hoedat dit die een moontlike weg is om eenheid in ons enorme verskeidenheid te verkry sonder dat enige seksie

sy volks- en kultuureie prysgee. Ons het verder probeer aantoon hoe so 'n stelsel kan werk, al sal die toepassing daarvan enorme eise aan moed, vindingrykheid en studie verg. Ons vertrou dat die Suid-Afrika van die toekoms verder deur God gebruik sal word om langs hierdie weg die vrede na te jaag, die naaste te dien, die eie te vertroetel en God te verheerlik.